

Hoe dit ook al sy, die Oranje-Vrystaat het soos 'n ryp peer in die skoot van die Boere geval toe dit op 23 Februarie 1854 finaal aan hulle oorgedra is. Die Boere het nooit kon dink dat aan hulle vryheid en onafhanklikheid binne die grense van 'n Britse Kolonie geskenk sou word nie. Sover bekend, is daar geen ander voorbeeld in die geskiedenis van die Britse Ryk waar Brittanje gedurende die negentiende eeu vrywillig aan die oorspronklike inwoners grondgebied teruggegee het nadat dit etlike jare onder Britse regering gestaan het nie.

Die vrywillige teruggawe in 1854 sou egter agt-en-veertig jaar later (1902) ironies terugskram toe die Britse regering die Oranje-Vrystaat met wapengeweld onderwerp het, nadat laasgenoemde hom sonder aarseling, kragtens verbond, by die Transvaal geskaar het in sy stryd teen Brittanje.

Die Eerste Raadsaal-museum in St Georgesstraat in Bloemfontein bied vandag 'n historiese uiteensetting van die totstandkoming van die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

Bibliografie: *Hannes Haasbroek*
Historikus

Imperiale Blouboeke van 10 April 1854. Further correspondence relative to the State of the Orange River Territory, Londen, 1854.

The Friend, 1.9.1853; 24.3.1854.

Haasbroek, J. Die rol van die Engelse in die Oranje-Vrystaat 1850-1859. (M A - verhandeling, U O V S, Bloemfontein, 1977).



Cecil Skotnes Ida Pepler en die skrywer Stephen Gray by 'n houtsnede deur Cecil Skotnes.

Die Museumkunsgroep

Die Museumkunsgroep het in 1970 tot stand gekom op inisiatief van 'n groep Bloemfonteinse kunsliefhebbers, met die doel om onder die beskerming van die Raad van die Nasionale Museum uitstallings van hoogstaande gehalte aan te bied. Aanvanklik het die groep bestaan uit die bekende kunstenaar Reneé le Roux, saam met Jean van Heerden, Elsie Keyser en Ida Pepler. Tans is Ida Pepler, Lottie White en Dora Scott die drie dames wat onder die naam van die Museumkunsgroep sodanige uitstallings aanbied.

Dié groep reël sowat vier uitstallings per jaar en is veral daarop ingestel om die werk van kunstenaars uit ander provinsies hierheen te bring. Die meeste van die werke wat uitgestal word is te koop en uit die kommissie op verkope word kunswerke aangekoop vir die permanente versameling van die Nasionale Museum. Sedert die ontstaan van die groep is agt-en-twintig kunswerke op hierdie wyse tot die versameling toegevoeg.

Deur die ywer van hierdie groep dames is Bloemfontein se publiek sedert 1970 bevoorreg om van die werke van bekende kunstenaars te sien te kry waaronder dié van Bettie Cilliers-Barnard, Walter Batiss, Anna Vorster, Gregoire Boonzaaier, Maggie Laubser, Irma Stern, Jean Welz, Frank Spears, Cecil Skotness en andere.

Die jongste poging van die Museumkunsgroep is op Dinsdag 19 Februarie geopen deur Sy Edele Regter H J O van Heerden. Hierdie uitstalling bestaan uit werke van sestiën Kaapse Kunstenaars en verteenwoordig 'n wye verskeidenheid van denk- en stylrigtings. Bekende name in hierdie uitstalling is ondermeer dié van Cecil Skotness, Reneé le Roux, Jules en Ada van der Vijver, Louis Jansen van Vuuren, Olivia Scholnick en die twee oud Bloemfonteinders Hardy Botha en Lyn Smuts.

Lesers van die Nuusbrief wat graag die opening wil bywoon van uitstallings wat deur die Museumkunsgroep aangebied word, word aangeraai om 'n briefie te skryf en hul name en adresse te verstrek.